# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS
## GRAAD 12 – KWARTAAL 2



# BELASTINGS, RENTEKOERSE & INFLASIE

## 1 BELASTING

***SARS: South African Revenue Service.***

***SAID: Suid-Afrikaanse Inkomstediens***

Suid-Afrikaners betaal belasting aan SARS en hulle tree dus namens die staat as 'n invorderaar van belasting op.

So ontvang die regering 'n staatsinkomste vanaf al die belastingbetalers in die land.





### Hoekom moet ons belasting betaal?

- Inkomstebelasting is die grootste bron van die staat se inkomste.
- Die regering het geld nodig om te kan funksioneer.

- Word gebruik vir: Maatskaplike en ekonomiese programme / pensioenfondse / openbare dienste en goedere te kan befonds, soos: skole, paaie, universiteite, paaie, klinieke, verdediging en veiligheid.
- Burgers word wetlik verplig om belasting te betaal.



Die begrotingsrede word jaarliks deur die Minister van finansies bekendgemaak. Dit bied 'n uiteensetting van die land se inkomstes en uitgawes.

(Huidige Minister van Finansies: Min. Enoch Gondongwana)

## Belastingontduiking


- Onwettige metodes wat gebruik word om die hoeveelheid belasting wat jy aan die staat moet betaal te verminder.

(Slegs gedeeltelike verklaring van inkomste – waarop belasting betaal word)

## Belastingvermyding

- Wettige metodes wat deur finansiële beplanning gebruik word om 'n persoon se belastingslas te verminder.

(Byvoorbeeld deur die uitneem van 'n aftree-annuïteit)



## Soorte belasting




| Direkte belasting | Indirekte belasting |
|---|---|
| **Dra by tot die welvaart van die staat tot dieselfde mate as wat hul tot hul eie welvaart bydra.** | **Belasting wat in die prys van goedere en dienste versteek is.** |
| • Inkomstebelasting (LBS en voorlopige belasting)<br>• Kapitaalbelasting<br>• Eiendomsbelasting<br>• Hereregte<br>• Boedelbelasting | • BTW – Belasting op Toegevoegde Waarde<br>• Aksynsbelasting<br>• Invoerbelasting<br>• Lisensies<br>• Omgewingsbelasting |

## Beskrywing van verskillende soorte direkte belasting

### Inkomstebelasting

Gehef op jou inkomste – enige salaris, loon, bonus, oortyd & bedrag ontvang.

Dit sluit ook beleggings, verhurings-ooreenkomste, annuïteite, pensioen, kapitaalwinste en dividende in.

Dit is die staat se hoofinkomste



### LBS – Lopende betaalstelsel

Wat werkgewers van sy werknemer se inkomste aftrek en direk aan SARS (SAID) oorbetaal. Help om belastingbydrae op te verdeel deur 'n maandelikse bydrae regdeur die jaar. Die werkgewer reik 'n IRP5 (belastingsertifikaat) aan hul werknemers uit om alle geld wat aan die SAID oorbetaal is uiteen te sit.

### Voorlopige belasting

Word deur mense betaal wat 'n ongereelde inkomste verdien (boere / vryskutwerkers / besigheideienaars). – IRP6

Twee paaiemente deur die jaar. Word op 'n geraamde belasbare inkomste gebaseer van die van die vorige jaar.




**Kapitaalwinsbelasting**

Belasting op wins wat gemaak word as ‘n bate verkoop word




**Hereregte**

Belasting op alle eiendomstransaksies. Deur die koper betaal tydens registrasie. Hoe hoër die koopprys hoe hoër die hereregte. Geen hereregte op ‘n eiendom < R1000 000 vanaf 2021.



**Eiendomsbelasting**

Belasting wat deur huiseienaars aan ‘n munisipaliteit betaal word. Bereken volgens die waarde en ligging van die eiendom. Deur die munisipaliteit gebruik om dienste en geriewe in die gemeenskap te verskaf




**Boedelbelasting**


Belasting wat op ‘n boedel (totaal van alle bates (geld en eiendom) asook skuld) betaal moet word na iemand se afsterwe.


## Beskrywing van verskillende soorte indirekte belasting

**BTW (VAT)**

**Belasting op toegevoegde waarde**

Bygevoeg op die prys van goedere en dienste wat verkoop word. Almal betaal BTW ongeag hul inkomste. Standaardkoers van 15%. Oorbetaal aan die regering. Sommige items is van BTW vrygestel – dus 0% (Bruinbrood / bruinmeel/ mieliemeel / vars vrugte en groente / geblikte sardientjies / lensies / stampmielies / gedroogte mielies / rys / kookolie / mielierys / eiers / droëbone)






**Aksynsbelasting (sondebelasting)**

Belasting gehef op nie-noodsaaklike items. Brandstof / Tabakprodukte / alkohol / motorvoertuie / elektroniese toerusting / parfuum

**Invoerbelasting**

Belasting op alle goedere vanuit die buiteland wat ons land binnekom. Invoerder betaal dit direk aan die regering.





**Lisensies**

Wat vooruitbetaal moet word om 'n item te mag besit: Karlisensie / TV-lisensie / Visvang-lisensie / Jag-lisensie (permit) / Geweer-lisensie. Hierdie lisensies moet jaarliks uitgeneem word.

**Omgewingsbelasting**

Om die omgewing te beskerm. Heffings op plastieksakke, nie-energiebesparende gloeilampe & elektrisiteit wat vanaf steenkool opgewek word.




# 2 RENTEKOERSE

***Die koste daaraan verbonde om geld te leen.***

***D.w.s : Die koste of die ekstra geld wat jy moet terugbetaal as jy geld leen.***

Word in 'n % bereken. Indien jy R100 leen teen 'n 10% rentekoers sal jy in totaal R110 moet terugbetaal.



## Maniere om rente te bereken:

**Saamgestelde Rente**

Word bereken op die oorspronklike bedrag maar ook op die rente wat alreeds ontvang is. (Rente op rente)

**Enkelvoudige Rente**

Word slegs op die oorspronklike bedrag wat jy geleen / belê het bereken.



## Rentekoerse

- Uitgedruk as ‘n % van ‘n groot totaal.
- Oor ‘n tydperk van 1 jaar bereken.
- Hoë rentekoerse: duurder om geld te leen (moet dus meer terugbetaal)
- Word bepaal deur die tipe lening wat gemaak word : motor finansiering het ‘n baie hoër rentekoers as ‘n huislening.
- Sluit oortrokke fasiliteite en kredietkaarte in (Baie hoë rentekoerse)




## Soorte rentekoerse

| Vaste rentekoerse | Veranderlike / buigbare rentekoers |
|---|---|
| Bly dieselfde vir die volle tydperk van 'n lening. (Bly konstant – fluktureer nie) | Rentekoers op 'n lening fluktureer. (Verander namate rentekoerse verander) |
| • Al verhoog / verlaag rentekoerse in hierdie tydperk, gaan daar nie meer / minder rente betaal word nie.<br>• Paaiement bly altyd dieselfde.<br>• Bied meer sekuriteit en beter finansiële beplanning kan gedoen word. | • Voordelig as rentekoerse verlaag – verminder dus die terugbetalingspaaiement.<br>• Nadelig as rentekoerse verhoog – vermeerder dus die terugbetalingspaaiement.<br>• Moeilik om te begroot. |

# 3 INFLASIE

***Die volgehoue toename in pryse van goedere en dienste.***


***D.w.s : Dit verlaag die koopkrag van die verbruiker of van die betrokke geldeenheid.***



Voorbeeld: 'n Brood het 'n paar jaar terug R9.80 gekos. Dieselfde brood is tans beskikbaar op winkelrakke teen R14.60

## Hoe inflasie werk:

- Ons kan inflasie onderdruk as ons die rentekoerse verhoog.
- Dus sal dit mense dwing om nie geld te leen nie – mense kan dan nie so baie goedere koop nie




## Inflasiekoerse:

- Die % waarteen pryse van goedere en dienste in een jaar styg.
- Word deur middel van die verbruikersprysindeks (VPI) bereken.

## VPI (Verbruikersprysindeks) :

= 'n **instrument** wat gebruik word om **prysstygings** en die **inflasiekoers** te bereken.



As die **VPI-syfers beskikbaar** is, kan die **inflasiekoers** bereken word. Uitgedruk as die **persentasieverskil** tussen **2 maande.**

Toon die **verandering** in die **koste** van 'n **denkbeeldige mandjie** van **goedere en dienste** wat deur 'n **tipiese huishouding gekoop** word


Die **inflasiekoers**: altyd as 'n **jaarlikse koers** uitgedruk.

**Bv 8% per jaar**

# Die impak van inflasie op die verbruiker:

Jou geld het minder koopkrag – dus kan jy minder koop met dieselfde bedrag geld van tevore.

Lewenstandaarde neem af / moet aangepas word.



Lone / salarisse neem nie saam met inflasie toe nie. Dit sal jou dwing om aanpassings te maak tot jou begroting.

Mense verloor geld op hul spaargeld as die inflasiekoers hoër word as die rentekoers wat hul op die spaargeld verdien.

Mense wat lenings het om terug te betaal, sal geld spaar, omdat die lening nou minder werd is as die aanvanklike leningsbedrag.

**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.



B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE |
B.Ed Honours in Curriculum development | Graphic Design L1

# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS

# GRAAD 12 – KWARTAAL 2

# BELANGRIKE FINANSIËLE EN KONTRAKTUELE ASPEKTE VIR VERBRUIKERS

**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

KWALITEIT STUDIEMATERIAAL | QUALITY STUDY MATERIAL | aplusstudies1@gmail.com

A Jonker

B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE |
B.Ed Honours in Curriculum development | Graphic Design L1